# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# LUG JOU MENING

## Voorleggings oor die

## WYSIGINGSWETSONTWERP OP LANDBOUPRODUKSTANDAARDE ("AGRICULTURAL PRODUCT STANDARDS AMENDMENT BILL") [W 15B–2021] (NRVP)

## en die

## NASIONALE WYSIGINGSWETSONTWERP OP VELD- EN BOSBRANDE ("NATIONAL VELD AND FOREST FIRE AMENDMENT BILL") [W 24B–2021] (NRVP)

Die Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement nooi belanghebbendes, belangstellende persone en organisasies uit om voorleggings te maak oor die Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde ("Agricultural Product Standards Amendment Bill") [W 15B–2021] (NRVP) en die Nasionale Wysigingswetsontwerp op Veld- en Bosbrande ("National Veld and Forest Fire Amendment Bill") [W 24B–2021] (NRVP).

Die doel van die **Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde ("Agricultural Product Standards Amendment Bill")** is om die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet 119 van 1990), te wysig om sodoende sekere woordomskrywings in te voeg en ander te vervang; om voorsiening te maak vir die ouditering van 'n produk vir bestuursbeheerstelsels; om voorsiening te maak vir die vasstel van tariewe deur gevolmagtigdes op 'n kosteverhalingsgrondslag; om verdere bepalings te maak vir die Minister om regulasies te maak met betrekking tot oudit- en bestuursbeheerstelsels; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die doel van die **Nasionale Wysigingswetsontwerp op Veld- en Bosbrande ("National Veld and Forest Fire Amendment Bill")** is om die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet 101 van 1998), te wysig om sodoende sekere woordomskrywings te wysig en in te voeg; om voorsiening te maak vir die fasilitering van die totstandkoming van brandbeskermingsverenigings deur 'n munisipaliteit en 'n tradisionele raad; om 'n munisipaliteit, 'n onderneming in staatsbesit, 'n openbare entiteit of ander staatsorgaan wat grond besit, te verplig om om by die brandbeskermingsverenigings aan te sluit; om die bevoegdheid van betreding, deursoeking, beslaglegging en inhegtenisneming na vredesbeamptes en tradisionele leiers uit te brei; om die titel van die Wet te wysig na die Nasionale Veldbrandwet (National Veldfire Act"); en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Diegene wat belangstel om met die Staande Komitee te skakel, kan skriftelike voorleggings indien (e-pos: sniekerk@wcpp.gov.za) of mondelinge voorleggings maak deur stemnotas met WhatsApp (selfoonnommer: 082 877 7477) te stuur, en hulle kan ook versoek om voor die Staande Komitee te verskyn om mondelinge aanbiedings te maak.

Alle voorleggings en versoeke om voor die Staande Komitee te verskyn moet die Staande Komitee bereik teen nie later nie as Maandag 24 Julie 2023.

Voorleggings, navrae en versoeke moet aan me Shareen Niekerk (tel: 021 487 1992 of e-pos: sniekerk@wcpp.gov.za) gerig word.

Die wysigingswetsontwerpe is beskikbaar op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste by www.wcpp.gov.za.

**Uitgereik deur mnr AP van der Westhuizen (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.**